

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 19

Inleiding

Hoofstuk 18 se slot roep al die gelowiges op om te juig omdat die groot stad Babilon deur die Here se oordeel vernietig word.

- Hoofstuk 19 begin met die openbaring van die kerk wat on-middellik gehoorsaam en in jubeling uitbreek.
- Hierdie gedeelte is 'n tussenspel waarmee die Here vir sy kerk die uitkoms van die verlossing in die Here Jesus openbaar.

Dit is eie aan die boek Openbaring dat die Here telkens eerste die uitkoms en die heerlijkheid van die verlossing aan die kerk openbaar.

- Dis die troos van die Here aan sy kerk dat hulle eers kan sien waarheen die Here met hulle op pad is, voordat die Here aan hulle die ellendes van hierdie wêreld openbaar.
- Daarna gaan die openbaring terug na die geskiedenis wat die volmaakte heerlijkheid voorafgegaan het.

Van vers 11 af verander die toneel. Die Here openbaar wat die effek van die Here Jesus se oorwinning is op alle magte wat verlore gaan.

Vers 1

En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God!

(Openbaring 19:1 AFR53)

Wie is die wesens (**menigte**) wat saam hierdie **halleluja** aanhef?

- Die eerste antwoord is dat dit waarskynlik al die engele is wat dit sing.
- Tog is dit tipies dat die woord wat hier vir *menigte/skare* gebruik word in die grondteks, altyd op 'n groot skare *mense* dui.
- Waarskynlik is dit alle skepsele (mense en engele) wat saam juig oor die voltrekking van die oordeel van die Here, want al twee die groepe het onder die handwerk van die duiwel deurgeloop en skade gely.

Die woord *halleluja* beteken: *prys/loof Jahwê*.

Aantekening: Psalm 113 tot 118 is die Hallelsalms waaruit hierdie woorde kom. Dit staan ook bekend as die Groot Hallel. Die Hallelsalms is gesing tydens die Paasfeesbyeenkomste. Ons Here Jesus het self ook hierdie psalms gesing die aand toe Hy en die dissipels die pasga gevier het; en die Here Jesus die nagmaal ingestel het! Hierdie Groot Hallel verwys na die uittog uit Egipte.

Eksodus (eksodus beteken die pad uit/na buite toe) was die verlossing uit Egipte, en die voorloper van die groot verlossing wat gekom het met die vernietiging van die groot stad Babilon. Dit sien dus op ons uittog uit die sondeverlore wêreld in die ewige volmaakte koninkryk van God in.

[Tot hier](#)

Die rede waarom hierdie **halleluja** in die hemel aangehef is, is tweërlei:

- Die eerste rede is om God uit die diepte en die behoefte van hulle hart te loof en te prys met loof en heerlijkheid.
 - Let op die woorde waarmee Johannes dit beskryf: **die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag.**
 - Hierdie woorde sluit waarskynlik by die inhoud/woorde van die hallel aan.
- Die tweede rede vir die hallel is omdat hulle God prys vir sy oordele oor die satan en sy magte! Onthou dat die magte van die satan/antichris moord gesaai het onder mense en engele (want een derde van die engele gaan verlore as gevolg van hom!)

Die woorde **onse God is** om die naby en liefdevolle band tussen die sangers en die Here te beskryf.

- **God** is natuurlik die *Naam van God as Skepper en Bestierder van alle dinge*.
- Die **ons** dui daarop dat hulle aan God behoort en hulle aan Hom onderwerp.
- Maar dit dui ook die innigheid in die verhouding tussen hulle en God aan.

Vers 2

Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek. (Openbaring 19:2 AFR53)

Hierdie magtige massa wesens wat aan die Here lof toesing met hulle hallel, besing eerste die karakter van God se oordeel: **waaragtig en regverdig**

- Die Here se oordeel is volmaak – daar is geen misverstand wanneer Hy straf nie. Dit gaan oor die volle waarheid van die oortreding.
- Verder is die uitvoering van die Here se oordeel regverdig.

Die Here se oordeel sluit nie een enkele ware gelowige/uitverkorene in nie!

Hy het die groot hoer geoordeel

Die Here se oordeel tref die mag wat teen Hom opgestaan het. In haar verset en opstand teen God het sy die Here se skepping skade aangedoen:

... wat die aarde met haar hoerery verderf het,...

Maar sy het ook die Here se kerk baie kwaad aangedoen:

Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.

Die woord **bloed** beteken dat hierdie hoer die Here se diensknegte doodgemaak het. Vergelyk hiermee saam die volgende Bybelgedeeltes. Almal van hulle noem bloedvergieting moord:

En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. (Genesis 4:10 AFR53)

Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. (Genesis 4:11 AFR53)

Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak.

(Genesis 9:6 AFR53)

God se oordele spits nou toe op hierdie moorde wat op die gelowiges gepleeg is. God neem wraak.

Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.

Om wraak te neem is meer as net straf.

- Dit is straf met bitterheid daarby.
- Die Here is kwaad oor die onreg wat die hoer aan sy uitverkorenes gedoen het

Vergelyk die volgende Bybelgedeeltes waarin die woord wreek voorkom:

Maar toe hulle aan Rebekka die woorde van Esau, haar oudste seun, vertel, stuur sy en laat Jakob, haar jongste seun, roep en sê vir hom: Kyk, jou broer Esau sal hom op jou wreek deur jou dood te maak. (Genesis 27:42 AFR53)

Jubel, o nasies, oor sy volk, want Hy sal die bloed van sy knegte wreek, en Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land en sy volk.

(Deuteronomium 32:43 AFR53)

Toe roep Simson die HERE aan en sê: Here, , dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God, dat ek my oor een van my twee oë op die Filistyne kan wreek!

(Rigters 16:28 AFR53)

Sou Ek hieroor aan hulle geen besoeking doen nie? spreek die HERE. Of sou my siel hom nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie? (Jeremia 9:9 AFR53)

En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

(Openbaring 6:10 AFR53)

Ons mag nie wraak neem nie – juis omdat wraak so 'n geweldige ernstige saak is. Dis iets wat net die Here alleen mag doen. Vergelyk daarvoor die volgende uitsprake in die Skrif:

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal ver-geld, spreek die Here. (Romeine 12:19 AFR53)

God alleen mag wraak neem: Hy openbaar dit baie duidelik:

My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet sal wankel; want die dag van hulle ondergang is naby, en wat oor hulle beskik is, kom gou.

(Deuteronomium 32:35 AFR53)

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is

geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (Romeine 12:19 AFR53)

Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oor-deel. (Hebreërs 10:30 AFR53)

Vers 3

En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid. (Openbaring 19:3 AFR53)

Die menigte het die Halleluja vir 'n tweede keer herhaal.

- Johannes sê reeds in vers 1 dat hy hierdie geweldige lofsange in die hemel hoor.
- Hy is dus nie self daar in die hemel toe die Hallele losgebreek het nie.
- Die skare is baie besied, daarom sing hulle die hallel vir die tweede keer.

Dit is nie 'n stem wat Johannes hoor nie.

- Hy hoor 'n geweldige groot koor se sang!
- Hierdie sang is so sterk dat dit tot op die aarde gehoor word.

Die skare engele se lof gaan oor die oordele van die Here!

- Die lof aan die Here is omdat Babilon so erg verwoes en verbrand word dat haar rook (teken van vernietiging) tot in alle ewigheid opgaan.
- Hulle getuig dus dat hulle sien dat die magte van die hel saam met die duiwel tot in alle ewigheid tot niet gemaak word.

Dis op hierdie lofsang oor God se oordeel oor die stad Babilon waar-om die ouderlinge in hulle aanbidding **Amen Halleluja** antwoord.

Vers 4

En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! (Openbaring 19:4 AFR53)

Die openbaring wat Johannes hoor en sien verwyd en vergroot. Waar-skyklik het die engelemagte die eerste twee hallelle gesing. Dit word afgelei uit die feit dat die ouderlinge nou spesiaal vermeld word.

Die engeleskare se sang werk so aansteeklik dat die vier en twintig ouderlinge saam met die hallel inval.

- Hulle sing nie aanvanklik saam nie, maar hulle bevestig die inhoud van die hallel deur te sê: **Amen Halleluja!** – *dit is waaragtig, prys die Here!*
- Die vier en twintig ouderlinge is waarskynlik die verteenwoordigers van die kerk van die Here op die aarde.

Hier is geen dwang op die skare sangers en die bidders nie!

- Hulle sing en loof besield uit volle bors.
- Hoe anders is dit nie as wat ons aanbidding op die aarde sien en ervaar nie?!

Die ouderlinge val neer en aanbid!

- Daar is geen selftrots waarmee hulle hulle in hulle snobisme verhef nie!
- Hulle aanbid onvoorwaardelik: hulle onderstreep die krag van God se ewige oordeel met die bevestiging: **Amen.**
- Dan bid hulle ook die lof aan die Here toe: **Halleluja!**

Tegelykertyd met die vier en twintig ouderlinge val die vier lewende wesens ook in! Hulle is die verteenwoordigers van die hele skepping.

Vers 5-8

En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.

(Openbaring 19:5-8 AFR53)

'n Stem gaan uit die troon uit. Wie se stem is dit?

- Die antwoord moet gesoek word in die woorde **ons God**.
- As dit die Lam is wat die woorde sê, of die Heilige Gees van God, of God self, sal die Here die woorde **ons God** nie gesê word nie. God verwys nie na Homself as **ons God** nie.

Die persoon of wese wat die woorde uiter, moet dus ook 'n skepsel wees wat die Here aanbid.

- Daarom word die woord **ons** gebruik – dit dui die verhouding van die spreker aan tot God en tot alle ander skepsele.
- Die afleiding is dus dat dit waarskynlik een van die troongeeste is wat aan die woord is met hierdie oproep.

Die inhoud van hierdie oproep is dat dit nie net die verteenwoordigers van die Here se kerk is wat Hom moet loof omdat hy die oordeel voltrek nie.

- Die hallel brei dus nog verder uit – daar kom meer stemme by!
- Alle diensknegte van die Here moet Hom loof – eendragtig!
- Dit is in effek almal wat die Here vrees, want die duiwel en sy magte is ook nog steeds (teen hulle sin) in diens van die Here, maar hulle sal Hom nie loof nie!

al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!

Die wat almal opgeroep word, word met verskillende beskrywings benoem, maar dis bloot om die omvattendheid van die wat almal loof, aan te dui. Hulle word uit verskillende gesigspunte benoem.

- Die **diensknegte** en **die wat die Here vrees** is dieselfde groep skepsele.
 - **Diensknegte** teken hierdie skepsele as wesens wat die Here met hulle lewe en werk gedien het.
 - **Vrees** beteken nie hier *ang*s of *bangheid* nie. Dit beteken: **sielsgebondenheid, verering en heilige ontsag**.
 - **Vrees** beskryf die beginsel waaruit die diens voortgekom het. Hierdie woord beteken dat daar respek en onderdanigheid aan die Here betoon word. Dit beteken dat die diens wat aan die Here gedoen word, glad nie 'n uitwendige vertoon van 'n godsdienstige lewe is nie. Dis 'n saak van die hart – 'n dien van die Here wat uit liefde vir die Here gebore is.
- Die woorde **klein en groot** bevestig dat daar nie een enkele een uitgesonder word nie.
- Dus: Letterlik alle skepsele wat die Here dien en vrees, moet saamsing en juig.

Die vorm waarin hierdie woorde in Grieks geskryf staan, vertel ons dat hierdie liedere vir ewig aangaan– dit is 'n voortgaande roem en prys aan God. In die hemel kan die verlostes nie klaarkry met sing en met loof nie. Hulle hou vir ewig aan!

- Die lof van God word dus nie net besing en dan kry die lied klaar nie.
- Dit begin om nie weer op te hou nie.

... iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae ... (Openbaring 19:6a AFR53)

- Die stem van lof wat Johannes hoor, is iets wat heeltemal anders is as waaraan hy op die aarde gewoon was.
- Hierdie roem en lof wat daar by God se troon klink, is onbeskryflik: die klink soos die gedreun van 'n geweldige watermassa wat by 'n waterval afstort, of dit klink ook soos swaar donderweer.

Wat hy aan ons oordra, is dat die wat in die hemel is, en daar deur die Here Jesus vernuut is, se sang heeltemal van ons sang op die aarde verskil. Hulle het 'n krag en 'n besieling in hulle sang wat vir ons byna onbevatlik is.

Aantekening: Die indruk wat die teks laat, is dat die diensknegte van die Here Hom buitendien wil loof. Hulle het net vir die oproep gewag sodat hulle dit in eenstemmigheid en op die regte oomblik kan doen. Die oordeel wat oor die groot hoer voltrek word, is die oomblik wat nou aangedui word as die oomblik van totale lofverheffing deur die diensknegte van die Here.

Die geweldige lofsang is natuurlik nie net omdat God die hoer ge-oordeel het nie. Dit is ook omdat die Here die Koningskap aanvaar het!

Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.

Dink hier ook aan Openbaring 11:17:

Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. (Openbaring 11:17 AFR53)

Die Here het dus sy onmeetbare almag en grootheid geopenbaar deur die hoer te vernietig. Daardie selfde daad is ook juis die openbaring en bevestiging van God se koningskap.

Die hemelse menigte wat so sing en juig, moedig mekaar eintlik aan en spoor mekaar aan om onophoudelik met hierdie vreugdesang aan te hou. Dink hier aan Skrifgedeeltes soos, onder andere:

Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlijkheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.

(1 Petrus 4:10,11 AFR53)

Wat op hierdie oomblik gebeur, is dat die verlossingsraad van God sy volle loop geneem het. Almal wat deur die bloed van die Lam gered is, is voltallig voor die troon van God. Elkeen van hulle is besig om Hom uit volle bors te loof en te prys.

... Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

Die beloofde saligheid word nou voltrek oor almal wat daarvoor beskik is, ... **want die bruilof van die Lam het gekom ...**

- Daardie ewige saamwees met God in die koninkryk, word uitgebeeld met die beeld van 'n bruilofsfees.
- Dit is eie aan die Bybel om die verhouding tussen God en sy volk/uitverkorenes uit te beeld met die beeld van 'n bruilof.

Dis ook eie aan die openbaring van die Here om die Here Jesus saam met sy uitverkorenes uit te beeld in 'n huweliksverhouding. Lees byvoorbeeld:

Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus

onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. (Efesiërs 5:23-27 AFR53)

Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. (2 Korintiërs 11:2 AFR53)

En Jesus het weer deur gelykenisse met hulle begin spreek en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het en sy diensknegte uitgestuur het om die genooies na die bruilof te roep, en hulle wou nie kom nie. Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooies: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof. Maar hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan, een na sy eie stuk land en 'n ander na sy handelsaak. En die origes het sy diensknegte gegryp en mishandel en doodgemaak. Toe die koning dit hoor, het hy kwaad geword en sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gestee. Daarop sê hy vir sy diensknegte: Die bruilof is wel gereed, maar die genooies was dit nie werd nie. Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof. En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword. En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Want baie is geroep, maar min uitverkies. (Matteus 22:1-14 AFR53)

Die volgende Bybelgedeeltes simboliseer ook almal die verhouding tussen God en die uitverkorenes in die huwelik:

1 Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg.

18 En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming.

19 En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken. (Hosea 2:1, 18, 19 AFR53)

Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word. Want soos 'n verlate vrou en 'n be-droefde van gees het die HERE jou geroep, en soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou God. (Jesaja 54:5-6 AFR53)

Let wel: Daarteenoor simboliseer die Here ongeloof en geloofsafval ook in die beeld van die huwelik – maar dan as hoerery! Lees hiervoor Jeremia 3 en Esegïël 16.

In aansluiting by die huwelik as die simbool van die verhouding tussen God en sy volk, word die Here Jesus Christus die *Bruidegom* genoem. Vergelyk hiervoor:

Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydschap van my volkome. (Johannes 3:29 AFR53)

En Jesus sê vir hulle: Kan die bruilofsgaste dan treur so lank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas. (Matteus 9:15 AFR53)

Die boek Openbaring praat van die bruilof van die Lam – die uitverkorenes/gemeente is sy vrou/bruid.

2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

9 En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plaë, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. (Openbaring 21:2, 9 AFR53)

Ons begin die hiernamaals met 'n fees: Die mense wat op die aarde in Christus vernuut is – die kerk van die Here deur die eeue – maak haar soos die bruid gereed om die Bruidegom te ontmoet.

Hierdie oomblik gaan die verlossingswerk van Christus finaal in vervulling! God en sy kerk is vir ewig en volmaak bymekaar! Dit word met elke bruilof gesimboliseer. Die kerk wat haar gereedmaak om haar Bruidegom te ontmoet, en om dan in ewige gemeenskap met Hom saam te leef!

... En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges ... (Openbaring 19:8 AFR53)

In die kleredrag van die Bruid van die Here kom die verskil tussen die uitverkorenes en die wêreld baie skerp na vore!

Die hoer:

- Die groot hoer wat op die Draak gesit het, se klere het haar uitgebeeld as 'n wilde, dronk vrou vol seksuele perversiteit!

En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus (Openbaring 17:4-6 AFR53)

- Die hoer het geen teken van enige maagdelike reinheid aan haar nie. Sy is 'n uitgetrapte allemansvrou! *(Pers en helderrooi is alle eeue deur die kleur wat deur hoere gebruik word om hulle besigheid te adverteer!).*

Die Bruid:

- Die klere van die bruid is in skille kontras met die flambojante en uitlokkende (adverterende!) klere van die groot hoer.
- Die bruid se klere is rein (helder wit) en blink wit – die teken/simbool van maagdelikheid. *Die Here se bruid het nog nooit aan 'n man behoort nie!*

- Die Here se Bruid se klere is simbool van haar geestelike integriteit, sedelike onberispelikeheid en oowinning (Openbaring 19:14).

Let daarop dat die bruid haar nie self mooi maak nie. **Dit is vir En aan haar is gegee ...** — **dit** is die tipiese manier om te sê God het dit gedoen (die Goddelike passief).

Natuurlik is dit waar, want die Here Jesus Christus het haar vrygekoop van haar sondesmet met sy bloed! Dit kom uit in die opdrag wat aan die man gegee word in sy huweliksverhouding met sy vrou – hy moet met haar werk soos wat die Here Jesus met sy bruid/kerk werk! Lees

Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. (Efesiërs 5:25-27 AFR53)

Baie mooi en helder openbaar die Here hier in Efesiërs 5 waarom daar in die boek Openbaring staan dat dit aan God se gemeente **gegee is om bekleed te wees met rein en blink fyn linne.**

- Die Here Jesus Christus het dit vir haar gegee!
- Openbaring verklaar dat die **fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**
 - Dit is sonder die Here Jesus onmoontlik dat enige mens regverdige dade kan hê.
 - In onself is ons sondaars – maar ons word juis deur sy verdienste geheilig en gereinig. *Dis waar die fyn linne as teken van heiligheid en goeie werke vandaan kom.*

Die saak het natuurlik 'n ander kant ook! Dit is nie waar dat die gelowiges lydelik in die proses van saligmaking vasgevang sit nie.

- Die gelowiges het ook 'n verantwoordelikheid om na te kom teenoor die Here.
- Hulle moet die verlossing vir hulleself toe-eien! Die apostel Johannes noem dit: **elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.** (1 Johannes 3:3 AFR53).

Soos alle kerke en alle gelowiges het die kerk in Korinte ook met die saak van saligwording geworstel. Daarom kry hulle 'n brief waarin hulle tot verantwoordelikheid in hierdie saak opgeskerp word:

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

(2 Korintiërs 7:1 AFR53)

Dit is ook nie so 'n nuwe saak nie. Die Here Jesus het self al daarop gewys toe Hy op die aarde was. Dink maar aan hierdie uitspraak van Hom:

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk! Elkeen

dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.
(Matteus 7:21-24 AFR53)

Die beeld die verhouding tussen Hom en die gereddes in die hiernamaals uit met 'n bruilofsfees.

Vers 9, 10

Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie. (Openbaring 19:9, 10 AFR53)

Johannes kry by 'n engel die opdrag om al die dinge wat hy nou sien en hoor, neer te skryf. Die rede is voor die hand liggend: Die kerk moet die dinge weet! Dis hulle troos waaraan hulle moet vashou.

In Openbaring hoofstuk 17 het die Here Johannes die vernietiging van die groot hoer laat sien. Die openbaring wat hy nou kry, sluit daarby aan. Hy sien wat van die geword het wat nie vernietig is nie, omdat hulle deur die Here gered is. Hulle is die kerk van die Here wat saam met Hom in 'n ewige vreugde verbind word. Dit word uitgebeeld deur 'n bruilofsfees.

Hierdie beeld moet vir die gelowiges deur die eeue tot 'n versterking wees: Al kom daar hoeveel ellendes ook al deur die loop van die eeue oor hulle, alles eindig in die heerlijkheid van God.

Dit word aangekondig met 'n kort saligspreuk:

Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam

... die wat genooi is ...

Die groot menigte wat genooi is gelowiges is die bruid van die Lam sowel as die uitgenooies na die bruilof. Hulle is almal **diegene**-wat ag geslaan het op die roepstem na die bruilof toe (Lukas 14:15-24).

In die Ou Testament is hierdie feesmaal al geprofeteer:

En die HERE van die leërs sal op hierdie berg vir al die volke berei 'n maaltyd van vetspyse, 'n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn. (Jesaja 25:6 AFR53)

Die genooies is salig, want hulle is by die Here vir ewig. Dit is nou ook vir altyd klaar met hulle sondes, daar sal nooit ooit weer skeiding tussen hulle en die Lam van God kom nie.

Die genooies is niemand anders nie as diegene wat deur God uitverkies is. Hulle word in 'n heeltelmal ander openbaring reeds in Efesiërs 1 bekend gemaak.

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grond-legging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan

te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.
(Efesiërs 1:3-6 AFR53)

Hierdie saligheid word bevestig met die woorde, **Dit is die waar-agtige woorde van God.** Die Here sê self dat die genooides salig is.

Daarna openbaar die Here twee dinge wat eie is aan skepsele. 'n Mens verval maklik in heldeverering.

En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid;

Wanneer ons perspektief verloor, verval ons in aanbidding van dit wat nie aanbid moet word nie. Dis waar afgodsdienste en valse godsdienste vandaan kom. Selfs die bestes onder die gelowiges kan hierdie ding oorkom wanneer hulle emosies te groot raak vir hulle. Johannes sien hierdie geweldige grootse openbaring en val dan voor die engel se voete neer om hom te aanbid!

NB Die Roomse leer wat die heiliges aanbid kan hieruit iets leer!

... maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n medediensknecht van jou en van jou broeders wat die getuigenis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuigenis van Jesus is die gees van die profesie.
(Openbaring 19:10b AFR53)

Wat is die engel se reaksie? Hy reageer met skok en eerlikheid. Hy keer Johannes onmiddellik om dit te doen!

Menslik gesien sou ons kon vra of mens nie maar so effens heldeverering na ons kant toe mag laat kom nie?

Die antwoord is dat die engel in die hemel teenwoordig was met die satan se sondeval. Dis presies wat die satan gedoen en toegelaat het! Hy kon homself dus nie vereenselwig met wat die duiwel toegelaat het met sy sondeval nie – want dan sou hy ook dieselfde pad as die duiwel loop. Dit soveel te meer omdat hy juis die eindpunt van God se openbaring aan Johannes bekend maak, naamlik die val en vernietiging van die Satan en daarteenoor die heiligmaking en redding van die wat die Here in waarheid bly aanbid!

Dink hierby aan die Here Jesus se woorde in Matteus 4:10

Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
(Matteus 4:10 AFR53)

Let op die woorde van die engel aan Johannes:

Want die getuigenis van Jesus is die gees van die profesie.

Die getuigenis van die Here Jesus teenoor die Satan was juis dat God alleen aanbid moet word. Die gebeurtenis daardie dag was profeties:

- Die satan het verslaan weggegaan – sonder dat hy aanbid word.

- Daardeur het die lig deurbreek dat die Here Jesus tot verlossing van die wat Hom aanbid sou sterf – hulle is die wat in hierdie openbaring as sy genooies aan sy feesmaal aansit.

Vers 11

Toe het ek die hemel geopen gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oor-deel en voer oorlog in geregtigheid.(Openbaring 19:11 AFR53)

Die Heilige Gees stel die saak baie treffend:

Toe het ek die hemel geopen gesien!

In die voorafgaande gedeelte van die openbaring het Johannes Die oordeel oor die hoer gesien. Daarna het hy die gereddes gesien in hulle staat van verheerliking aan die Here se feestafel.

Nou sien hy iets heeltemal anders: Die Here maak die hemel oop en Hy laat Johannes sien wat net voor hierdie toestand van ewige vreugde gaan gebeur.

Johannes sien nie net 'n opening in die hemel nie! In hoofstuk 4 het hy so iets gesien: **Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.** (Openbaring 4:1 AFR53)

Hierdie keer verander dit! In Openbaring 19:11 maak die Here die hemel heeltemal oop sodat Johannes dit in sy totale volheid kan sien!

Wat sien Hy?

Hy sien die Here Jesus Christus met die volle leërskaer wat Hom volg. Hy sien met ander woorde die hemelse weermag in sy volle sterkte – die weermag wat uittrek om die antichris en sy magte te gaan verpletter sodat hulle vir ewig aan die verskriklikste ellendes oorgegee kan word.

Johannes het alreeds uitgeroep: **Kyk!**

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ...
(Openbaring 1:7 AFR53)

Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, ... (Openbaring 4:1 AFR53)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit ... (Openbaring 14:14 AFR53)

Nou gaan die kyk oor in die volle openbaring van dit wat hy sien! Hy sien 'n wit perd.

Dit is opvallend dat Johannes nie eerste praat oor die Ruiters op die perd nie – maar wel oor die wit perd!

Die rede is omdat die perd en sy kleur die inhoud van die Ruiters en se werk simboliseer.

Wit is die simbool van oorwinning – en oorwinning kan net behaal word waar daar oorlog gemaak word! Die Heilige Gees laat Johannes dit dan ook neerskryf:
en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Daarna sien Johannes die Ruiter.

en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig,

Die getrouheid en waaragtigheid van die Here Jesus is tot nou toe reeds op verskillende maniere in die Boek Openbaring na vore gebring Dink maar aan die volgende as voorbeelde:

... en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! (Openbaring 1:5 AFR53)

En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
(Openbaring 3:7 AFR53)

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: (Openbaring 3:14 AFR53)

En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! (Openbaring 15:3 AFR53)

Onthou hoe volgelinge van die Here Jesus Hom bely het:

En hulle stuur hul dissipels saam met die Herodiane na Hom en sê: Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van God in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie – (Matteus 22:16 AFR53)

Of die belydenis deur Paulus:

God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here. (1 Korintiërs 1:9 AFR53)

Johannes het eerder al in die evangelie wat hy geskryf het die volgende getuig:

Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van dié Een wat Hom gestuur het, Hy is waaragtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom nie.
(Johannes 7:18 AFR53)

En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waar-agtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo. (Johannes 19:35 AFR53)

In die openbaring waar die Here Jesus op die wit perd sit, verskyn Hy om Homself te betoon as die Een wat waaragtig en getrou is. Hy gaan met sy optrede bewys dat Hy betroubaar is en dat Hy waaragtig is – Hy is nie vals en wyk af van dit wat Hy van Homself geopenbaar het nie.

Die oorlog wat Hy nou gaan maak teen die antichris en sy magte, is 'n oorlog wat in regverdigheid gevoer gaan word! In ons aardse lewe is so iets ondenkbaar! Geen oorlog wat ons ken is vry van agter-baksheld en sluheid en moord op onskuldiges nie.

Juis omdat die Here Jesus waaragtig is, kan Hy met die reg van God die antichris verslaan.

- Die reg van God ken geen valsheid of foute daarin nie. Dis vol-maak.
- Dis inderdaad waarom die antichris verslaan word. Hy het geen reg en geen getrouheid aan sy kant nie. Sy bestaan is gebou op leuens.

Die Ruiters op die wit perd laat dus die reg van God tot sy volheid kom. Hierdie gedeelte openbaar dat dit juis tot gevolg het dat die gelowiges feestelik by Hom vergader word en dat die antichris ver-delg en uitgeroei word. Die antichris en sy magte gaan hierdie oordeel vreesaanjaend belewe en die slagting onder hulle gaan verskriklik wees.

Vers 12

En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. (Openbaring 19:12 AFR53)

Omdat hierdie deel van die openbaring oor oorlog en oor regspraak gaan, word die Here se oë uitgebeeld as 'n **vuurvlam**.

- Hy is die Regter wat alles sien.
- Niks ontgaan sy gesigsveld en sy kennis nie.

Die feit dat die Here letterlik elke ding ken en openbaar maak, word ook op ander plekke in die Bybel geopenbaar. Dink hier byvoorbeeld aan 1 Korintiërs 4:5:

Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang. (1 Korintiërs 4:5 AFR53)

Daarom die vuurvlam – sy oordeel verbrand alles wat onsuiver is. Dis 'n beeld wat die hele tyd met die gelowiges saamgekom het. Dink maar aan dit wat in Eksodus geskryf staan oor hoe die klomp Israëliete in die woestyn gevoel het oor die Here se teenwoordigheid!

En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg. (Eksodus 24:17 AFR53)

Vuur openbaar die verterende straf van die Here. Die vuur is nie altyd net simbolies nie. Soms is dit harde werklikheid. Dink aan die volgende gebeurtenisse wat die Here laat opteken het!

Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. (Levitikus 10:2 AFR53)

Daarop antwoord Elía en sê vir hulle: As ek 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het die vuur van God uit die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. (2 Konings 1:12 AFR53)

Die Here het dieselfde betekenis van vuur as teken van sy oordeel (en ook as die werklikheid van sy oordeel!) ook aan die apostel Paulus openbaar.

elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

(1 Korintiërs 3:13 AFR53)

as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

(1 Korintiërs 3:15 AFR53)

Uiteindelik is dit juis hierdie verterende vuur van God se reg wat die volle mag van die hel vernietig:

En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Openbaring 20:9, 10 AFR53)

Die beskrywing gaan verder deur te openbaar dat die Here Jesus **op sy hoof ... baie krone** het. Hierdie krone dui op sy heersersmag as die ewige Koning.

*NB: Die woord wat die Bybel hier gebruik is nie **oorwinningskranse**, soos byvoorbeeld in Openbaring 4:4, 10 nie. Daar staan die volgende geskryf:*

En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

(Openbaring 4:4 AFR53)

... val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: ...

(Openbaring 4:10 AFR53)

Die krone wat die Here Jesus op sy kop het, is koningskrone wat die almagtige onstuitbaarheid van sy koningskap uitbeeld.

Die Here openbaar verder dit: **Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.**

Die Naam waarvan Hy alleen weet, is om uitdrukking te gee aan die wese van die Here Jesus. In sy Godheid is Hy so groot dat ons die omvang daarvan nie kan begryp nie. Hierdie Naam wat net Hy alleen kan ken, gee uitdrukking aan sy goddelike grootheid.

Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. (Matteus 11:27 AFR53)

NB: Onthou dat Johannes die Here Jesus ook in sy mensheid geken het! Daarom is hierdie openbaring van die Here Jesus in sy onuit-spreeklike en onbegryplike grootheid as God soveel meer treffend.

In vers 13 kom die Here weer terug op sy Naam.

Vers 13

En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. (Openbaring 19:13 AFR53)

Hierdie openbaring is 'n vervulling van profesieë wat reeds aan Jesaja geopenbaar is! Dink hier byvoorbeeld aan Jesaja 63 en Jesaja 59. Daardie twee profesieë werp lig op die

verstaan van Openbaring 19:13. Wie se bloed is dit wat aan die Ruiters op die perd se klere is? Is dit sy bloed – met 'n terugverwysing na die kruisiging?

Die antwoord kom duidelik as Jesaja 63 noukeurig gelees word:

- Dis nie die Here Jesus se eie bloed wat aan sy kleed is nie.
- Hy verskyn nie hier as die Lam wat geslag is nie.

Sy verskyning in hierdie openbaring toon aan wat het van die Gekruisigde Lam geword!

- Hy is nou die ewige Regter wat oordeel en wreek!
- Sy straf dra die karakter van verskriklike wraak oor sy vyande aan die einde van die aarde se tyd!

Die moderne mens is nie meer op die wraak van God ingestel nie, maar tog lê die ontsaglike wreedheid van die Here se wraak oop in die volgende woorde:

Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, (Jesaja 63:3 AFR53)

Dit is presies wat die Here aan Johannes openbaar. Hy sien die ver-vulling en verwerkliking van God se profesieë wat al eeue aankom!

Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad be-vlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom. En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop. (Jesaja 63:1-6 AFR53)

Uiteraard pas Jesaja 59:17, 18 ook hierby in:

En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aan-getrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel. Volgens die daad, daarmee ooreenkomstig sal Hy vergelde: grimmigheid aan sy teëstanders, vergelding aan sy vyande; aan die eilande sal Hy die loon vergelde.

(Jesaja 59:17, 18 AFR53)

Na hierdie openbaring van die Ruiters met sy bloedbevleekte klere, spring die openbaring terug na die Naam van die Ruiters toe. Nou eers – nadat die geweld van sy wraak geopenbaar is – na die Ruiters se Naam geopenbaar word.

en sy Naam is: Die Woord van God.

Johannes is die een wat onder die leiding van die Heilige Gees geskryf het dat die Here Jesus die Woord is. Hy is die Woord van God – waarmee na die skepping verwys word – maar Hy is ook eenswesens met God die Vader.

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God.

(Johannes 1:1, 2 AFR53)

Die onbegrip van selfs die mees begenadigde gelowiges onder ons word sterk belig wanneer Johannes skryf dat die gelowiges nie verstaan het Wie die Woord van God was nie! Hulle het ook nie sy koms na die aarde toe verstaan nie – en Hom ook nie herken nie!

Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

(Johannes 1:10, 11 AFR53)

en weer:

Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?

(Johannes 14:9 AFR53)

Dis duidelik dat die gelowiges nie verstaan en begryp het wat die wese van die Seun as God self – en dan ook as die Woord wat die mensdom skei – werklik inhou en beteken het nie. Daarom was hierdie openbaring van die Woord van God wat God se vyande bloedig verdelg noodsaaklik.

Hierdie Naam openbaar dat God die Vader en die Here Jesus geheel Eenswesens is. Hy is die volle openbaring van God self.

Ek en die Vader is een. (Johannes 10:30 AFR53)

Ek wil my verstout om te beweer dat die moderne gelowiges glad en geheel nie God in sy oordeel ken of aanvaar nie. Daarom kom dit dikwels in geskifte en gesprekke voor dat die God van die Ou Testament wreed en onaanvaarbaar is. Vir al sulkes wag die bloed-bad wanneer die Ruiters op die wit perd verskyn.

Vers 14

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. (Openbaring 19:14 AFR53)

Die Here verskyn nie alleen nie! Dieselfde word in 1 Tessaloniense 4 geopenbaar.

Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.

(1 Tessaloniense 4:14 AFR53)

Die vraag is of die leërs wat die Here Jesus volg in hierdie finale oorwinningsoptog mense of engele op die wit perde is?

- Die reël is dat die Bybel nie openbaar dat engele perdry nie – hulle beweeg met vlerke. Mense ry wel perd.
- Daarteenoor moet ook oorweeg word dat die Godnaam **HERE van die Leërs** ongetwyfeld alle skepsele wat die HERE (JHWH) aanbid, insluit: mense en engele.

As daarby in berekening gebring word dat die engele bekend is daarvoor dat hulle met die duiwel en sy engele veg en hulle verslaan, is dit nie vergesog om te aanvaar dat die engele en die uitverkore mensdom die Ruiters op die wit perde volg nie.

Vergelyk hiervoor:

Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van laste-ring durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!

(Judas 1:9 AFR53)

En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; (Openbaring 12:7 AFR53)

Dit feit dat die hele leërskaer op wit perde volg, openbaar dat almal deel is van die oorwinning wat kom as gevolg van die geveg.

Die beskrywing van die klere kom ooreen met die klere wat die heiliges tydens die feesmaal dra wanneer die Here Jesus se Bruid haar gereedmaak: **bekleed met wit en rein fyn linne**

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruielof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. (Openbaring 19:7,8 AFR53)

Dit is opvallend dat die Here reeds vooraf openbaar dat die Satan en sy volgelinge die heiligheid wat deur die fyn linne gesimboliseer word, naboots – maar dan met hulle sondes! Vergelyk hiervoor onder andere die volgende Skrifgedeeltes:

En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. (Lukas 16:19 AFR53)

koopware van goud en silwer en edelgesteente en pèrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmor (Openbaring 18:12 AFR53)

Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pèrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!

(Openbaring 18:16 AFR53)

Wanneer die toets van God kom, word daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen wie se **fyn linne** die ware kleredrag is. Openbaring 19:7,8 stel dit duidelik dat die wat aan die Here behoort, hulle klere van **blink fyn linne** by die Here self gekry het.

Vers 15

En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. (Openbaring 19:15 AFR53)

Hierdie skerp swaard wat uit die Ruiters op die perde se mond uitgaan, is die simbool van oordeel. Vergelyk hiervoor die aanhaling uit Openbaring 2:

Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.

(Openbaring 2:16 AFR53)

Die swaard van God wat skei en wat oordeel voltrek, word meer kere in die Bybel beskryf. Natuurlik is hierdie openbaring die eindpunt van die belofte wat die Here in Genesis 3:15 gemaak het, toe Hy geproklameer het dat Hy skeiding gaan maak tussen die vrou se saad en die slang se saad! Die tweesnydendheid van die Ruiter se swaard sny juis na twee kante toe: tot verlossing van die uitverkorenes en tot vernietiging van die nasies.

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. (Hebreërs 4:12 AFR53)

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:16 AFR53)

En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het: (Openbaring 2:12 AFR53)

Die **nasies** is die **heidene**. Dit is alle mense uit alle volke wat ongelowig is en teen God gewerk het.

... en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. (Openbaring 19:15b AFR53)

Die ysterstaf is die simbool daarvan dat die Here hulle met krag en streng geregtigheid gaan straf. Die parskuip se rooi kleur (van die getrapte druive) is die simbool van hulle bloed. Die toorn van die Here gaan dus glad nie mooi met hulle werk nie!

Die Bybel gebruik twee woorde om die Here se gevoel oor die ongelowiges te beskryf:

- Grimmigheid
- Toorn

Dieselfde beeld word in Openbaring 14:19,20 gebruik om die eind-oordeel oor die ongelowiges aan te dui. Daar word die wingerdstok afgeoes en dan word die Satan en sy personeel getrap dat hulle bloed tot baie ver van die parskuip af tot teen die toorns van die perde loop!

Hierdie openbaring maak dit duidelik dat die Ruiter God se wraakoordeel oor die ongelowiges uit alle volke gaan voltrek.

Dit staan reeds in Johannes [522vv22-24](#):

Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. (Johannes 5:22-24 AFR53)

Vergelyk ook Handeling 17:30, 31 hierby:

God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

(Handeling 17:30, 31 AFR53)

Vers 16

En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

(Openbaring 19:16 AFR53)

Hierdie vers kom weer terug na die Naam van die Ruiter toe.

Eers [is](#) daar die verwysing na die kleed van die Ruiter. Dis 'n terugverwysing na vers 13:

En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. (Openbaring 19:13 AFR53)

Die bedoeling is dat die kleed die Persoon wat dit dra, identifiseer. Daarom is die Naam wat heuphoogte op die kleed geskryf is (die bedoeling is waarskynlik dat die Naam uitgeborduur is) inderdaad 'n beskrywing van die Wese van die Ruiter wat op die wit perd sit.

Hierdie openbaring is vir die kerk baie belangrik, want die Here Jesus se laaste openbaring op die aarde was die van die Gekruisigde wat hemel toe vaar. Daarom openbaar Hy Homself nou as **die Koning van die konings en die Here van die here.**

Hy is nie meer die een wat sondes op Hom neem om dit te versoen nie. Daardie tyd is verby – daardie deel van die verlossingsraad van God is vervul. Nou straf Hy sondes!

Daar is ook nie iemand wat Hom in sy oordeel en in sy straf oor alles wat goddeloos en sleg is, kan keer nie. Hy het die hoogste gesag wat bestaan. Daarom openbaar Hy homself as: **Die Koning van die konings en die Here van die here.**

Hy is dus inderdaad die enigste en die hoogste Koning wat daar bestaan. Hierdie koning word in die Naam self geopenbaar as die Here van die here. Die naam **Kurios** word hier gebruik. **Kurios** is inderdaad 'n militêre term wat die veldheer aandui wat na die oorwinning in die oorlog terugkom na sy koninkryk toe. Letterlik staan hier: Hy is die Veldheer van die veldhere. Daar is geen oorlogs-aanvoerder soos Hy nie!

'n Voorbeeld van klere wat die wese van die draer daarvan uitbeeld, kry ons ook in Jesaja 59.

En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel.

(Jesaja 59:17 AFR53)

Die feit dat die Naam op die heup geskryf staan, is ook van betekenis. 'n Man se heup is die simbool van sy krag en sterkte. Dink as 'n voorbeeld daaraan dat die Here Jakob se

heup by die Jabbok-rivier af geslaan het. Sy mankheid vir die res van sy lewe was juis om sy gebrokenheid (kragteloosheid) as man uit te beeld..

Vers 17, 18

En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

(Openbaring 19:17, 18 AFR53)

Wat baie merkwaardig is, is dat die veldslag waar hierdie **Kurios** geveg het, nie beskryf word nie. Al wat geopenbaar word, is wat die gevolg van hierdie veldslag was.

Die rede waarom daar geen beskrywing van die veldslag is nie, is om die allesoorheersende almag van God aan te toon. Daar is niks om te beskryf nie! Dit was nie 'n oorlog soos wat ons ken waar die een mag op plekke die oorhand kry en dan weer teruggedryf word nie. In God se almag het Hy het by die oorlogsgebied opgedaag en die vyand meteen vernietig.

Openbaring 20 gee meer besonderhede van hierdie ontmoeting tussen die twee magte: **En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.**

(Openbaring 20:9 AFR53)

Die oorlog waarvoor die Satan en sy magte so geweldig voorberei het, was dus oor nog voordat dit begin het!

Die ironie is dat die Satan in die tyd voor hierdie vernietigende slag nogal met allerhande kragtoertjies op die aarde rondgehoop het. Dis was sy vorm van politiekery om die mensdom in hom te laat glo.

hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. (2 Tessalonisense 2:9, 10 AFR53)

Die oomblik toe die satan/antichris met werklike krag ontmoet word deur die ewige Koning en Here, kon sy kragvertonings nie terug-antwoord nie. Hy en sy magte is summier vernietig. Hulle lê onbe-grawe verstrooi oor die aarde. Hulle is kos vir roofdiere en roofvoëls.

Johannes skryf hy **het 'n engel sien staan in die son**. Dit beteken dat die engel so gestaan het dat hy van oraloor af gesien kon word. Almal let op die stand van die son – mense en diere. Daarom hoor die diere ook die engel se bevel.

... hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,
(Openbaring 19:17b AFR53)

Daar was meteens kos in oorvloed. Die ongelowiges het oor die wêreld dood en verstrooi gelê.

Meteens tref die diepte van hierdie stuk van die openbaring 'n mens: Daar is twee [feesmale-feesmaaltye](#) aan die gang!

- Die een is die bruilof van die Lam. Dis die feesmaal waar die gereddes met blink, fyn linne aangetrek is en wat is waar God alles in almal is.
- Die ander een is hierdie een waar al die voëls opgeroep word om alle mense wat nie op die Here se feesmaal is nie, te kom opvreet!
- Al twee is 'n maaltyd van God! Die een omdat die Here dit voorberei vir sy Bruid en die ander een omdat Hy die slagting onder die goddeloses aangerig het

Verskriklik!

Daar is geen sprake van enige begrafnis vir diegene wat nie. Die satan se volgelinge is voer vir die roofvoëls.

dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van ower-stes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vry-mense sowel as slawe, klein sowel as groot.

(Openbaring 19:18 AFR53)

In hierdie opvreet proses deur die roofvoëls word die aakligheid en die toestand van vernedering wat in die hel heers, uitgebeeld. Niemand sorg vir die dooies buite God se koninkryk nie. Al wat daar is, is magteloosheid en smaad.

Die lysis is 'n spyker in die doodskis van hoogmoed. Let op: **die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes** – dis almal wat in hulle aardse lewe belangrik is en was – se liggame lê op een hoop en deurmekaar met perde (diere): **die vlees van perde en van die wat daarop sit**. Die ruiters van die perde word ook hierby gevoeg.

Let wel: Perde is oorlogsdiere. Hulle ruiters is dus die wat teen God (probeer) veg het.

Die openbaring gaan verder: Die hooggeplaastes (hoogmoediges en verwaandes) se liggame lê ook verstrooi tussen die liggame van gewone mense – vrymense – en ook die met wie daar nie gemeng word nie – die slawe.

Die dooies is uit alle ouderdomsgroepe – **klein sowel as groot**.

Die inwoners van die hel stem dus in hierdie opsig ooreen met die wat in die koninkryk van God sal wees!

En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!

(Openbaring 19:5 AFR53)

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. (Openbaring 20:12 AFR53)

Die Here wys dus in hierdie openbaring op die uiteinde van diegene wat die Christene vervolg en wat God haat. Hulle eindig eerloos, vernietig en onversorgd.

Hierdie openbaring is in die Ou Testament ook al gegee!

En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryflik wees vir alle vlees.

(Jesaja 66:24 AFR53)

Dink ook aan wat die Here aan Asaf openbaar het oor hierdie verwaandes wat hulle teen God verhef.

Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het. Waarlik, U stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val. Hoe word hulle in 'n oomblik 'n voorwerp van verbasing, vergaan hulle, raak hulle tot niet deur verskrik-kinge! Soos 'n droom nadat 'n mens wakker word, o Here, so verag U, as U opwaak, hulle beeld! (Psalm 73:16-20 AFR53)

Nadat openbaar is watter ellendes en vernedering diegene oorkom wat teen die Here in opstand kom tydens hierdie lewe, gaan die openbaring terug na die opstand self toe.

Vers 19-21

En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versamel gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.

(Openbaring 19:19-21 AFR53)

Waar het alles skeefgeloop? Van die sondeval af was die sonde en die gevolge van die verleiding van die Satan duidelik in die geskiedenis. In die eindtyd het die dinge baie skeef begin loop met die opkoms van die dier.

Die dier het in sy veldtog alle mense wat in magposisies is in sy mag gekry. Hy het hulle invloed gebruik om alles wat die eer en die heerlijkheid van God raak aan te val en te vernietig.

En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf. En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

(Openbaring 17:11-14 AFR53)

Hulle doel was om God se kerk van die aarde af te verwyder. Die Here het dit al in van die vroeëre openbarings aan Johannes openbaar.

En wanneer hulle hul getuïenis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die

straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. (Openbaring 11:7-8 AFR53)

Na die oorwinning oor die gelowiges op die aarde, het die dier en sy magte hulle voorberei om God te vernietig. Waarskynlik kon hulle moed geskep het omdat hulle leuens, agterbaksheid en wreedheid die kerk op die aarde lam gelê het. Daarom maak hulle nou gereed vir die beslissende geveg.

Die inisiatief vir hierdie oorlog gaan van die Antichris/dier/satan af uit. Hy wil die Here Jesus en sy volgelinge aanval en verdelg:

En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versamel gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leer. (Openbaring 19:19 AFR53)

Die tekens daarvan dat gesagsfigure en regerings hulle agter die satan skaar om God aan te val en uit te wis, word toenemend duideliker. Dink hier aan die vervolgings van die Christene in die moderne tye – en daarmee die absolute haat wat teen die kerk van die Here ontwikkel: Wetgewing wêreldwyd wat die verkondiging van die verlossing deur die Here Jesus Christus verbied. Dink ook aan wetgewing wat alle Christelike waardes tot niet maak (wetgewing ten opsigte van aborsie, homoseksuele lewe, huwelike, ens).

Daar is 'n parallel tussen die slag van Armageddon en die vernietiging van Farao tydens die deurtog deur die Rooi see. Hy is met al sy magte agter die Israeliete aan – maar God het hom vinnig vernietig – sonder dat die Godsvolk (Israeliete) iets met die saak te doen gehad het! (Eksodus 14 en 15).

Alle magte wat saam met die dier leiding geneem het om hulleself en die bewoners van die aarde teen God op te stel, is deur God vernietig: **saam met hom die valse profeet.**

Die rede vir hulle vernietiging word duidelik gestel:

... wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het ... (Openbaring 19:20b AFR53)

Dis net die uitverkorenes wat nie verlei is nie. Die res het almal verval.

Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.
(Openbaring 17:8 AFR53)

Wat het die mense gedoen wat geswig het voor die dier en sy ver-leidings (leerstellings, dogma, ens.)? Dis dinge wat prakties gebeur: Godsverwerping, afgodery, perverse lewe, oneerlikheid, agterbaksheid, ensovoorts.

Die feit dat hulle die merkteken van die dier op hulle het, is juis hulle “logo” wat adverteer wat jy van hulle kan verwag, naamlik alles wat eie is aan die dier, is ook eie aan hulle.

Soos Farao daar by die Skelfsee, verloor die antichris/dier/satan die slag en hy verloor sy lewe. Hy en sy adjudant, die valse profeet (wat 'n prediker/dominee is!) word vernietig.

Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. (Openbaring 19:20c AFR53)

Hier is tog iets wat aangrypend is in hierdie openbaring. Om lewend in die vuur gegooi te word, is presies wat tydens die mologdiens gebeur het! 'n Driejarige kind is lewend in die vuur gegooi as 'n offer. In die eindoordeel betaal die Here die dier/satan terug in eie munt. Die offer wat sy volgeling uitgevoer het om hom te aanbid, word nou die werklikheid van sy eie bestaan! God gooi hom in die poel van vuur en swawel.

Vir die menseoffers was daar verligting omdat hulle gesterf het. Vir die dier en sy valse profeet is die straf sonder enige verligting. Dis vir ewig.

Vuur en swawel is konsekwent in die Bybel die beskrywing vir die ewige hel. Die hel word ook die tweede dood genoem. Vergelyk hiervoor die volgende gedeeltes in die Bybel:

Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees.

(Psalms 11:6 AFR53)

En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is.

(Esegiël 38:22 AFR53)

Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. (Lukas 17:29 AFR53)

sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. (Openbaring 14:10 AFR53)

En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

(Openbaring 20:10 AFR53)

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienswaarders en al die leuenars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

(Openbaring 21:8 AFR53)

Die vuur en swawel wat brand, is die simbool van ewige donkerte en besmetting. Vuur is hier die gewer van lig. Swawel is destyds gebrand om allerhande peste dood te maak (onder andere tussen vrugteboom en op die landerye).

Die navolgers kry hulle beurt ook om met die straf van die Here kennis te maak:

En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees. (Openbaring 19:21 AFR53)

Die feit dat die swaard (simbool van oorlog, wraak en geweld) hulle tref en dat die roofvoëls hulle liggeme opvreet, beteken nie dat hulle nie ook in die poel van vuur en swawel gegooi is nie!

Die poel van vuur en swawel is die ewige strafplek vir die wat God nie wou dien en aanbid nie.

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. (Openbaring 20:14 AFR53)

Die strafplek is dus 'n plek van vernedering. Dis 'n plek van verwyt en psigiese pyn. Maar dis ook 'n plek van liggaamlike lyding!